

"gode"

Nedermans het al van die begin eeue probeer om 'n 'god' te wees of om een te verteenwoordig. Die volke verwag aan die anderkant weer "in die plek van" daardie gepoogde god beskerming; Tog weet hulle dat daar 'n Skepper is van alle dinge, maar dat daardie Skepper 'n verteenwoordiger op aarde moet hê (soos onder gesien gaan word).

Die gode soos Osiris, Adonis, Tammus of Nimrod was aanbid om die gepaste gevoel (behoefte) te stimuleer as aanbidding (*Blindelings hetsy dit vir oorlog of liefde is*). As die god dood gegaan het, het die volk hom onthou, want die gepaste god kon vreeslike dinge doen (*toe hy nog geleef het as 'n wese soos hulle*). Met die god se afsterwe het hy 'n nuwe aards status ontvang (verering). Hy is nou ontasbaar en het 'n 'heilige gees' geword. Nou die 'heilige gees' van die verskriklike (*Heerser god*) inkarneer in die volgende god op aarde onder 'n nuwe naam. Tog is die nuwe god jaloers op die oue en probeer om nog groter dinge as sy voorganger te doen. Daarom kry jy onder volke veelgodery waarvan 'van die volk' die vorige god aanbid en sommige die god wat oor gevat het by sy meester.

Die werklike aanroep tot gode het hul ontstaan gekry voor die vloed van Noag, maar die meeste wat hier onder beskrywe word is na die vloed opgeteken (*Weens die vloed alle bewyse tot niet gemaak het*). Die lewende koning / heerser (*god*) regeer met die vorige god se krag wat aangeroep word (*Wat reeds gesterf het*). Die volke het gewoonlik 'n kreet uitgeroep om krag te ontvang van die vorige god 'tot oorwinning'.

As voorbeeld kan ons na Sem (*Noag se seun*) kyk wat hulle kon gebruik het: Sem het 'n kreet uitgeroep waar hy bv. YAH aangeroep het in tye van nood of in tye van blydschap. Die wat Sem hoor roep, loof of prys het, het begin om Sem se naam aan te roep nadat hy gesterf het omrede hy direk met YAH kon kommunikeer. Hulle het bv. uitgeroep "In die krag van Sem." Toe Nimrod homself tot koning verklaar het was hy jaloers op die verering van die naam 'Sem' en homself ingewerk as die vererde; Daarbenewens sou die volk aanroep: "In die krag van Nimrod".

M.a.w "wanneer 'n 'god' sterf 'inkarneer' hy in die volgende god op aarde". Sy gees wat nou geïnkarneer het was beskou as "heilig". Nou in daardie "heilige gees" lê Ha satan se versteekte plan om die mens op aarde te verlei (*Verstaan eers dat elke uitverkore wese op aarde wat aan YAH behoort afgesonder en apart vir YAH gesit is, en net aan Hom behoort, m.a.w. 'n gees wat rein is behoort in YAH se koninkryk, en in YAH se koninkryk woon slegs "heilige geeste"*).


Nou die geïnkarneer heerser (god) word aanroep as 'n "heilige gees" van die vorige god; Daardie heilige gees moet nou in hom manifesteer sodat hy ook groot en wonderlike dinge kan aanpak. Hoor julle die gevaar wat nou intree? Dié Reine Gees van VADER wat YAHUSHA is word nou oor die hoof gesien en word dan verplaas in verskillende gode tot hulle satisfaksie.

So het die anti “wat in die plek van of strydend is” sy ontstaan voor Noag se tyd reeds gehad. Voordat ek verder gaan, kom ons kyk na ‘n klompie gode.




Odin is die god van oorlog en sy vrou Frigg die god van die huis. Hulle seuns se naam was Balder, Thor (*god van donder*) en Loki (*die kuller*). Hulle is ook gode wat eintlik Odin verteenwoordig.

Skandinawië of Noorse gode waar Duitsland se voorsate lê (Noorweë, Swede, Denemarke, Finland, Ysland).



Nimrod (Bel) die seun en man van Semiramis (Astarte) en Tammus hulle eenvoudige seun.

Babilon wat beteken verwarring is 100% sy naam werd, want dit is waar verwarring in alle rigtings geloop het.



Beëlsebub (god van die vlieë) Dagon

Filistyne



Brahma; Vishnu en Shiva. Wanneer hulle inkarneer is hulle ‘n ‘avatar’ onder die name soos: Krishna; Rama; Ganesh; Kalki en nog vele meer.

Hindoeïsme



Osiris die vader en Isis die moeder van Horus die seun. Ammon Ra en Anubis wat Osiris verteenwoordig.

Egipte



Griekse gode: pa = Cronus; ma=Rhea; seuns = Zeus (*god van die hemelruim*) Poseidon (*god van die see*); Hades (*god van die onderwêreld*)

Om voort te gaan; Hercules was die seun van Zeus en die slagspreuk wat uitgeroep was: “By die krag van Zeus”.

So kan ons ook praat van Helios, Pan, Dionysus, Prometheus, Atlas, Athena Ares, Hermes, Cupid seun van Venus, Jupiter, Janus, Mars, Mercury, Pluto, Neptune, Saturn, Mercury en wat nog van Japannees en Chinees gode soos Boeddhisme ens.

‘n Vinnige kykie na dae en maande se name saam met hul gode afkoms.

Sondag = Romeinse dag van die son

Maandag = Anglo Sakse dag van die maan

Dinsdag = Noorse god Tiu seun van Odin

Woensdag = Noorse god Odin “Ons dag”

Donderdag = Noorse god Thor dag van donder

Vrydag = Germane godin Fria godin van liefde.

Saterdag = Romeinse god Saturn

1) Maart = Mars die god van oorlog.

2) April = Aperire “om oop te maak”

3) Mei = Maia, Roomse godin van lente

4) Junie = Juno, Roomse godin van huwelik

5) Julie = Julius Caesar, Roomse generaal en diktator

6) Augustus = Augustus, Roomse Keiser

7) September = septem beteken “sewende”

8) Oktober = octo beteken “agste”

9) November = novem beteken “negende”

10) Desember = decem beteken “tiende”

11) Januarie = Janus, Romeinse god van opening en begin (twee koppe)

12) Februarie = Februa, Romeinse fees

Wat die Assiriese god van Babilon aanbetref “Krishna” het sy seun Zoroaster genoem (*Wat die saad van die vrou beteken*). Zoro/Zoroaster verteenwoordig ook ‘n zero of meer bekend as ‘n nul. Die nul/zero verteenwoordig wel die ronde/sirkelkoekie (mis) wat die Roomse priester nagmaal-tye in sy kerkklidmate se monde indruk (*saad van die vrou*). So vergelyk hulle ook YAHUSHA as die saad verteenwoordiger! (*Vir die interessante, die bekende Zoro met sy sweep wat ken tussen goed en kwaad is ook die wreker oor sy pa se dood en veg vir die armes, ens.*)

Verdere skokke oor die gode aanbidding is die vroue-god met soveel naamsverandering in die Skrifte. In 1 Kon.11:5, 33 Astárte, die godin van die Sidoniërs, Jes.65:11 Meni godin van die noodlot, 1Kon.18:19 Isébel van Asjéra so ook ander name soos Semiramis, Isis, of Diana. Die vroue god het daardie tyd ‘n baie sterk invloed op die mensdom gehad (*Nog steeds*).

‘n Kort kykie oor Semiramis:

Semiramis was die vrou van Kus en het ‘n ontevrede lewe onder haar man gelewe weens sy heerskappy oor haar. Hy het haar ingeperk om te doen wat sy wou doen. Kus het haar ook ingeperk deur ‘n muur rondom haar / sy woongebied te bou waar hy en sy mense in gewoon het. Sy en haar seun Nimrod (*hoerkind*) het Kus vermoor om sodoende heerskappy in die hande te kry. Met tyd het hulle hulself in gode posisie soos bo uitgewys in geskuif (*Nimrod het nie alles geweet waarmee sy ma /vrou besig was nie*). Sy het naas “Eva” die ma moeder godin van alle gode geword.

Kyk gerus na die volke / kerke op aarde en jy sal daar ‘n vroulike godin met ‘n kind op haar skoot vind, wat beteken sy het hom voortgebring en sy is sy beskermer en opvoeder. Dus was pa (Kus) nie aanbiddas as ‘n god nie, maar wel sy vrou en haar kinders. M.a.w. sy het nou die ‘moeder godin’ van die vader god geword waarvan hulle ‘n seun god gehad het. Sy is nou die “heilige gees” en haar seun wat sy voortgebring het ‘Nimrod’ is die almagtige vader met hul seun Tammus (*Die seun wat YAHUSHA verteenwoordig*). Hoor julle die verraderlikheid! Semiramis die moeder wat ons almagtige “VADER” voortgebring het. Sy is die moeder godin van alle gode. Volgens ontdekkings in opgrawings in Egipte sê Semiramis: *Ek is alles wat was, of wat is, of wat sal wees; geen sterfeling het nog ooit my sluier gelig nie: “ek het die “Seun” voortgebring” (Open. 18:7... Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie).*

Wat beteken dit nou alles ? Dit beteken dat sy in die plek van Miriam (Maria) die moeder van YAHUSHA is; Dat sy in die plek van die Reine Gees is; Dat sy VADER voortgebring het; Dat sy die Gees is wat VADER voortgebring het en wat oorgegaan het na die Seun (YAHUSHA). Sy is die kraai wat Noag gestuur het. Sy word uitgebeeld in Vesta, Athor, Madonna, Juno, Venus en vele meer. Sy word verbeeld in die duif met die olyf takkie in die bek. Sy is in werklikheid die hoer wat op die dier sit en die wêreld verlei, en almal stroom na haar! Kyk gerus na die Rooms-Katolieke en kyk wie hulle hemelse moeder is.

Wat sê die Skrif oor die koningin. *Jer.7:18 Die kinders maak hout bymekaar, en die vaders steek die vuur aan, en die vroue knie deeg om koeke te maak vir die hemelkoningin en vir ander gode drankoffers uit te giet om My te terg (en die vroue antwoord) 44:17 Maar ons sal stellig alles doen wat uit ons mond uitgegaan het—om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet soos ons gedoen het, ons en ons vaders, ons konings en ons vorste, in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem; toe is ons met brood versadig en was gelukkig, en ons het geen onheil gesien nie.*

*Jer.44:18 Maar vandat ons opgehou het om vir die hemelkoningin rook te laat opgaan en vir haar drankoffers uit te giet, het ons aan alles gebrek gehad en het ons deur die swaard en die hongersnood omgekom. 44:19 En as ons vir die hemelkoningin rook laat opgaan en vir haar drankoffers uitgiet—is dit dan sonder ons mans dat ons vir haar koeke maak om haar af te beeld en drankoffers vir haar uitgiet? (so het Ha satan weereens deur die vrou “Evasgeslag” gespreek en die man Adamiet verlei). 44:25 So spreek YAH van die leërskaer, die Skepper van Israel Yashar’EL, en sê: Julle en julle vroue, julle het dan met julle mond gespreek en dit met julle hande in vervulling laat gaan, terwyl julle sê: Ons sal ons geloftes wat ons gedoen het, stellig hou om rook te laat opgaan vir die hemelkoningin en vir haar drankoffers uit te giet—bevestig dan nou maar julle geloftes, ja, hou nou maar julle geloftes!*

*Open. 14:8 En ‘n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery. 17:1 En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, 17:2 met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery. 17:3 En hy het my in die gees weggevoer na ‘n woestyn, en ek het ‘n vrou sien sit op ‘n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings. 17:4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pèrels, en sy het in haar hand ‘n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery; 17:5 en op haar voorhoof was ‘n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde. 17:15 En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. 17:16 En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. 18:3 omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. 18:9 En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,*

*YAH gee vir ons duidelik in die gelese verse met wie ons werklik te doen het en waar dit begin het. Hy sê ook in Open. 19:2 Want Sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van Sy diensknegte op haar gewreek.*